# GEMEENTEBULLETIN

1971 50 2021

**6 AUGUSTUS 2021**

## EREDIENSTE

**Sondag 8 Augustus 2021 (langnaweek)**

Eredienste word in die kerk en aanlyn aangebied en 50 persone word per erediens toegelaat. Geen besprekings is nodig nie. Die oorvloei van kerkgangers word in die kleinsaal geakkommodeer. Besoek www.stellenberg.co.za of die gemeente se YouTube-kanaal om na die aanlyn dienste te kyk. **Tydens die langnaweek word net die oggend-diens aangebied.**

**Oggenddiens 08:30 in die kerk** | Direkte uitsending | Ds. Duvenhage

## DOLERING | NG KERK STRAND

Verskeie briewe het oor die afgelope weke in Die Burger se briewekolom verskyn waarin die NG kerk Strand hulle teenkanting (dolering) rakende amptelike teologiese standpunte van die NG Kerk uitgespreek het. Hierdie aannames is ongelukkig op wanvoorstellings van die NG Kerk se huidige teologiese standpunte gegrond. Die feit dat lesers dié aannames as 'n getroue weergawe van die kerk se amptelike standpunt aanvaar het, het tot verdere verwarring en hartseer aanleiding gegee. Die saak word deur die sinode hanteer. Lidmate is welkom om die aangeleentheid met enige van die gemeenteleraars te bespreek. Stellenberg se belydenis is gegrond op die algemene belydenis van die NG Kerk; die breër gereformeerde tradisie – soos vervat in die Drie Formuliere van Eenheid – waartoe ons behoort; asook spesifiek op die Belhar-belydenis.

## FEESMARK | PAKKERS EN KASSIERE

Aansoeke om as pakkers, kassiere of vloerbestuurders by die feesmark te werk, is nou oop. Aansoekvorms kan van www.stellenberg.co.za afgelaai word. Stuur voltooide aansoekvorms so spoedig moontlik na feesmark@stellenberg.co.za.


KONTAK ONS

021 976 4519

081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za


**STELLENBERGER FEESUITGAWE**

Ter viering van die gemeente se 50ste bestaansjaar is 'n spesiale feesuitgawe van die Stellenberger saamgestel. Lees die uitgawe op www.stellenberg.co.za. Harde kopieë van die feesuitgawe is in die voorportaal van die kerk, asook by die kerkkantoor beskikbaar. Dié uitgawe kan weeksdae tussen 08:00 en 14:00 by die kerkkantoor afgehaal word.

## WINTERHULP – DIE NOOD IS GROOT

Hier volg van die dringendste behoeftes waar jy hulp kan verleen:

- **HANDE EN RANDE** is die gemeente se voedselvoorsienings-program. Indien jy 'n finansiële bydrae wil maak om voedselnood te verlig, kan jy dit elektronies oorbetaal na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005. Verwysing: Hande en Rande. Bydraes kan ook by die kerkkantoor inbetaal word.
- **SOP** word aan verskeie sopkombuise in die Skiereiland voorsien. Minstens 250 liter sop word weekliks by sopkombuise in Ravensmead, Wesbank en Khayelitsha aan kinders uitgedeel. Enige iemand wat by die voedingsprojek betrokke wil raak en bereid is om sop te kook en dit in bevrore formaat Maandae tot Vrydae tussen 08:00 en 15:00 by die saalkompleks of kerkkantoor af te gee, se hulp sal waardeer word. Lewer gerus jou bydraes soos dit jou pas. Hoe meer sop ons insamel – hoe meer kan ons uitdeel! Kontak vir Anéne Nortier 083 581 6930 indien jy enige verdere navrae het.

## FINANSIËLE BYDRAES

Leraars en die kerkraad is opreg dankbaar teenoor lidmate wat die gemeente se werksaamhede finansieel ondersteun, te midde van die finansiële uitdagings wat die Covid-19-pandemie ook aan lidmate stel. Bydraes kan soos volg gemaak word:

### EFT-betaling

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

### Kontantbydraes

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word.

### SnapScan

### STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 8029 (09:00 tot 13:00) of stuur 'n e-pos na sos@stellenberg.co.za.

Na-ure skakel

083 519 0602.

### KYK NA DIE EREDIENS OP JOU SELFOON

WhatsApp, of stuur 'n Telegramboodskap na 081 045 2428 met jou naam + van + aanlyn eredienste. Jy sal dan weekliks die skakel na die aanlyn diens per WhatsApp/Telegram op jou selfoon ontvang.

## BEROEPING VAN 'N NUWE LERAAR

Johan Visser het die beroep na Stellenberg-gemeente aanvaar en sal vanaf 1 Februarie 2022 in die gemeente werksaam wees. Hy is 39 jaar oud, getroud met Nicola ('n maatskaplike werker) en hulle het drie kinders. Hy is sedert 2016 medeleraar in die Woodland Hills Gemeenskapskerk (NGK) in Bloemfontein waar hy op jeug- en familiebediening gefokus het. Hy dien ook op JONK Vrystaat en is aktief betrokke by #Imagine. Hy is 'n talentvolle musikant. Sy kwalifikasies sluit 'n MDiv (met die fokus op jongvolwassene-bediening) en twee nagraadse diplomas in teologie in. Sy werks-ondervinding sluit die volgende in:

Jeugwerker NG kerk Brackenfell Moedergemeente – 3 jaar
Jeugwerker Presbyterian Church George – 2 jaar
Jeugwerker NG kerk Paarlberg – 6 jaar (terwyl hy studeer het)
Jeugwerker NG kerk Suider-Paarl – 1 jaar
Medeleraar Woodland Hills Gemeenskapskerk – 5 jaar

## MET LEEDWESE

- Jan Hendrik Nolte (Nolte) Smit (13/10/1937 – 30/07/2021). Nolte was sedert 1996 'n meelewende en gewaardeerde lidmaat van Stellenberg-gemeente. Sy roudiens is op 14 Augustus om 10:30 in die kerk. Ons opregte meegevoel met sy vrou, Annatjie, en kinders wat hy agterlaat.
- Adriaan Francois (Riaan) van Wyk (16/06/1946 – 01/08/2021). Riaan was die afgelope 14 jaar 'n lidmaat van die gemeente. Hy het tussen sy plaas in Gauteng en sy huis in die Kaap gependel en sy gedenkdiens word op 11 Augustus op die plaas gehou. Ons opregte meegevoel met sy vrou, Anila, asook kinders en kleinkinders wat hy agterlaat.
- Dirk Jacobus Francois (Dirk) van Zyl (23/11/1948 – 03/08/2021). Hy was sedert 1980 'n lidmaat van die gemeente. Sy gedenkdiens is op Dinsdag 10 Augustus om 11:00 in die kerk. Ons opgregte meegevoel met sy vrou, Marinda, asook sy dogter, Anna-Marie Meyer, sy seun, Dirk van Zyl, en kleinkinders wat hy agterlaat. Anna-Marie en Dirk is beide lidmate van die gemeente.

### EDELWEISS BYBELSTUDIE

Donderdag 12 Aug. in die eetsaal om 14:30

Klaagliedere 4: Sonde maak selfs goud dof.

### GEBEDSVERSOEKE

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

### GEESTELIKE DAGSTUKKE

Geestelike dagstukke, voorberei deur gemeenteleraars, bestaande uit 'n stem-boodskap en 'n geskrewe dagstuk, is daagliks op www.stellenberg.co.za beskikbaar of op die gemeente se Facebook- en Instagrambladsye.

### BREIGROEP

Die breigroep kom op Maandag 6 September om 09:30 in die mark-plein bymekaar.

## FINANSIES TE MIDDE VAN DIE PANDEMIE

Die pandemie het groot druk op verskeie sektore in gemeenskappe geplaas en geloofsgemeenskappe is nie gespaar nie. Verskeie kerke word finansieel swaar getref, veral omdat daar nie samekomste is nie. Die kerkraad het, soos voorheen gekommunikeer, in April 2020 proaktiewe stappe geneem met 'n aangepaste begroting. Uitgawes is besnoei, salarisse is aangepas en twee personeelposte is ingekort. In 2021/ '22 word daar op die hersiene begroting gewerk met geen salarisverhogings nie.

Ons is die Here innig dankbaar dat ons gemeente-inkomste tot dusver grootliks ooreenstem met waarvoor vir die afgelope boekjaar (Maart tot Julie) begroot is. Die grootste bronne van inkomste is die maandelikse dankoffers, Sondagkollektes, feesmark en tiendemaandinsameling, asook inkomste uit die selfoontorings. Aangesien die feesmark en tiendemaand eers in die laaste deel van die jaar plaasvind, is die twee eersgenoemde insamelings tans van groot belang.

**Maandelikse dankoffers**

| | **Begroot** | **Werklik** |
|---|---|---|
| Maart | R500 000 | R520 505 |
| April | R500 000 | R453 866 |
| Mei | R500 000 | R491 796 |
| Junie | R500 000 | R581 193 |
| Julie | R500 000 | R493 757 |
| **Totaal** | **R2 500 000** | **R2 541 117** |

**Sondagkollektes (hoofsaaklik elektronies ontvang)**

| | | |
|---|---|---|
| Maart | R41 650 | R46 654 |
| April | R41 650 | R41 438 |
| Mei | R41 650 | R44 030 |
| Junie | R41 650 | R42 351 |
| Julie | R41 650 | R21 562 |
| **Totaal** | **R208 250** | **R196 035** |

Baie dankie aan elke lidmaat wat 'n bydrae lewer sodat die gemeente sy verpligtinge teenoor personeel, uitreikaksies en medewerkers kan nakom. Die kerkraad, onder leiding van die fondsebediening, poog om in dié moeilike tyd ekstra versigtig en verantwoordelik met die fondse om te gaan. Ons dank die Here vir sy voorsiening.